



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSORIËNTERING

MODELVRAESTEL 2012

PUNTE: 75

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
2. AFDELING A en AFDELING B is VERPLIGTEND. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A en AFDELING B.
3. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING C.
4. Lees AL vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 E.

1.1.1 Watter EEN van die volgende is 'n eksterne stressor?

- A Om oor-sensitief te wees
- B Om angstig te wees
- C Om besluiteloos te wees
- D Finansiële probleme

1.1.2 Watter EEN van die volgende onderwerpe is 'n omgewingskwessie?

- A Uitputting van hulpbronne
- B Dakloosheid
- C Tienerswangerskap
- D Middelmisbruik

1.1.3 Die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge is om ...

- A onbillike diskriminasie uit te skakel en die bevordering van gelyke geleenthede vir almal.
- B werkseleenthede van benadeelde mense te verbeter.
- C Suid-Afrikaanse maatskappye te omskep deur swart bestuur aan te stel.
- D wanbalanse wat in die werkplek is reg te stel deur die vlak van belegging in opvoeding en opleiding te verbeter.

1.1.4 Wanneer jy vir 'n eksamen voorberei:

- A Begin vroegtydig voorberei deur 'n studierooster op te stel en daarby te hou
- B Bestudeer net die gedeeltes wat jy as belangrik geïdentifiseer het
- C Gebruik net 'n breinkaart om te studeer
- D Studeer so hard as wat jy kan, selfs al beteken dit dat jy dwarsdeur die nag leer

1.1.5 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van oefeninge om uithouvermoë en liggaamlike fiksheid te verbeter?

- A Strekoefeninge
- B Spierversterking en liggaamsbou-oefeninge
- C Aërobiese oefeninge
- D Buigsaamheidsoefeninge

1.1.6 Gedrag wat bevorderlik is vir die positiewe bestuur van konflik:

- A Om te werk vir 'n wen-wen-situasie
- B Probeer om die ander persoon te blameer vir die konflik
- C Praat harder om jou punt gehoor te kry
- D Word manipulerend – laat die persoon skuldig en skaam voel

1.1.7 Nuusbuletins op die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) weerspieël 'n demokratiese samelewing deur ...

- A voorkeur te gee aan politieke partye.
- B slegs een stem oor 'n kwessie te verteenwoordig.
- C die gevolge van sy verslagdoening te verontagsaam.
- D verantwoordelike verslaggewing, wat betroubaar en onbevooroordeeld is, te verseker.

1.1.8 Seksuele teistering ...

- A is 'n aanvaarbare norm in die arbeidsmark.
- B meng in met 'n persoon se professionele prestasie.
- C skep 'n betroubare omgewing.
- D is seksuele gedrag wat 'n mens gemaklik laat voel.

1.1.9 Identifiseer die korrekte stelling ten opsigte van gemeenskapsdiens:

- A Gemeenskapsdiens is die verantwoordelikheid van elke burger.
- B Dit is uitsluitlik die verantwoordelikheid van die regering om diegene in nood te help.
- C Fondse is altyd geredelik beskikbaar om 'n gemeenskapsprojek van stapel te stuur.
- D Dit is nie nodig om te beplan voordat 'n gemeenskapsprojek gedoen word nie.

1.1.10 Die regering kan nie jou besittings afvat, jou e-pos oopmaak, of na jou oproepe luister nie. Jy word deur ... beskerm.

- A die reg op gelykheid
- B die reg op persoonlike privaatheid
- C die reg op vryheid van uitdrukking
- D die reg op vryheid van assosiasie

(10 x 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.3) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die stelling ONWAAR is.

1.2.1 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes voorsien die swanger werknemer van vier maande kraamverlof.

1.2.2 'n Dienskontrak is 'n ooreenkoms, maar dit is nie bindend deur die wet nie.

1.2.3 Die verantwoordelikheid om minderjariges te beskerm teen die gevare wat verband hou met die gebruik van moderne kommunikasie-dienste (soos Mxit), is alleenlik die plig van die staat en tegnologie diensverskaffers.

(5)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by die item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 I.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Gelykheid	A regstelling van situasies, want sommige mense, veral die armes, het geen toegang tot dienste
1.3.2 Rassisme	B 'n vooroordeel wat nie op rede of ervaring gebaseer is nie
1.3.3 Demokrasie	C die beginsel op grond waarvan elke individu aan dieselfde wet onderhewig is
1.3.4 Vooroordeel	D vryheid en deursigtigheid
1.3.5 Sosiale geregtigheid	E regering van die mense, deur die mense, deur middel van verkose verteenwoordigers
	F verskaf duidelike riglyne vir etiese gedrag
	G om teen iemand te diskrimineer omdat hy/sy aan 'n sekere rassegroep behoort
	H die konsep wat die gees van Ubuntu uitbeeld

(5 x 1)

(5)

- 1.4 Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer 1.4.1–1.4.5 in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.4.1 Die dokument wat 'n lys van die take, pligte en verantwoordelikhede van 'n werknemer uitspel, word 'n ... genoem.
- 1.4.2 ... is die gee van jou tyd, moeite en talent aan 'n verdienstelike organisasie sonder finansiële gewin.
- 1.4.3 ... verkragting verwys na onwettige seks met 'n persoon onder die toestemmingsouderdom.
- 1.4.4 Kanker, hoë bloeddruk, siektes van die hart en seksueel oordraagbare siektes soos MIV/Vigs is voorbeelde van ... -siektes.
- 1.4.5 Die liggaam wat arbeidsgeskille besleg en aanbevelings maak vir die beslegting van die geskille word die ... genoem. (5 x 1) (5)
- TOTAAL AFDELING A: 25**

AFDELING B (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


Mnr. Khumalo is die Lewensoriëntering-onderwyser by Jabulani Hoërskool. Hy het onlangs opgemerk dat nie baie leerders aktief aan die aktiwiteite in sy klaskamer deelneem nie en dat baie van hulle 'n gebrek aan belangstelling in liggaamlike opvoeding toon. Met sy ondersoek na die redes vir hierdie situasie, het hy ontdek dat die grootste bydraende faktore vetsug, swak dieet, MIV en ander leefstyl-siektes was. Hy het besluit om 'n gesondheidsprogram op te stel wat die fisiese welstand onder leerders sal bevorder. Die program sluit eweknie-ondersteuningsgroepe, gesondheid en fiksheid en spanbou-oefeninge in.

Anoniem

- 2.1 Verduidelik TWEE maniere waarop mnr. Khumalo se gesondheidsprogram 'n positiewe impak op die skool kan hê. (2)
- 2.2 Op watter TWEE maniere kan die skool leerders wat nie in die gesondheidsprogram belangstel, beïnvloed om betrokke te raak en belang te stel. (2 x 2) (4)
- 2.3 Die fisiese en geestelike gesondheidsprogram moet gemonitor word ten einde te verseker dat dit doeltreffend verloop. Stel TWEE maniere voor waarop die program deur die skool gemonitor kan word. (2 x 2) (4)
- [10]**

VRAAG 3

Lees die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



© Original Artist
Reproduction rights obtainable from
www.CartoonStock.com

search ID: cgon597

"Times are hard. I've had to settle for a low-sugar daddy."

'Tye is swaar. Ek moes tevrede wees met 'n lae-suiker, vroetelpappie'

'Vroetelpappie-meisies'

Die volgende scenario het algemeen in Suid-Afrika geword. Talle jong meisies word deur die 'vroetelpappies' na die wêreld van onveilige seksuele aktiwiteite gelok met die geld en die geskenke wat aan hulle gegee word. Sodra die meisies in die strik van die 'vroetelpappies' val, verander hul lewenstyl van onskuld na 'n lewe van dwelms, alkohol en seksuele mishandeling. Die onveilige seksuele gedrag lei soms daartoe dat die meisies MIV/Vigs opdoen.

Die meisies, wat vasgevang is deur die 'vroetelpappies', vind dit moeilik om skoolgaan te hanteer. Hulle verloor hul maagdelikheid en hul identiteit. Vir die meeste van hierdie meisies vervaag die aanvanklike glans van rykdom en status en eindig dit dikwels in hartseer en spyt.

Anoniem

- 3.1 Gee TWEE redes waarom hierdie meisies in onveilige verhoudings gelok word. (2)
- 3.2 Verduidelik TWEE aksies wat as immoreel in die scenario hierbo gesien word. (4)
- 3.3 Bespreek TWEE maniere waarop hierdie meisies hulle huidige lewenstyl kan verander. (2 x 2) (4)
- [10]**

VRAAG 4

Dan Masango was 'n tydelike dosent by 'n universiteit. Iemand het vir hom gesê dat hy nooit as 'n voltydse dosent aangestel sal word, tensy hy 'n magistergraad het nie. Hy het sy CV verander sodat dit sê dat hy met 'n magistergraad aan 'n universiteit gegradueer het.

Deur die jare het hy verskeie gesogte onderrigposisies gehad, insluitend 'n aanstelling as 'n professor aan 'n bekende universiteit in Suid-Afrika. Hy is gereken as 'n begaafde onderwyser wat onbaatsugtig teruggegee het aan die gemeenskap waarin hy geleef het.

'n Paar jaar later is Dan genomineer om aan die hoof van die Fakulteit Geesteswetenskappe te staan. Voor sy aanstelling, het die kanselier van die universiteit 'n onderhoud met hom gevoer, asook 'n verifikasie van al sy kwalifikasies gedoen.

Die kanselier het toe ontdek dat Dan nie aan die universiteit gegradueer het nie, ten spyte van die feit dat dit in sy CV gestaan het. Hy het Dan gekontak om hom te vra oor hierdie verskil en Dan het dadelik bevestig dat hy nie aan die universiteit gegradueer het nie. Kort daarna het Dan sy bedanking ingedien.

Aangepas uit *Kwessies in etiek*, vers 1, N. 2 (Winter 1988)

- 4.1 Noem die etiese kwessie wat in hierdie gevallestudie weerspieël word. Gee TWEE redes om jou antwoord te ondersteun. (3)
- 4.2 Wat moes die kanselier van die universiteit gedoen het na die ontdekking van Dan se oneerlikheid? Verduidelik jou antwoord. (3)
- 4.3 Noudat Dan bedank het, watter raad sal jy aan hom gee sodat hy met sy akademiese loopbaan kan voortgaan? (2)
- 4.4 Hoekom is dit belangrik om eties korrek te wees in die samestelling van jou curriculum vitae (CV)? (2)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE opstelvrae in hierdie afdeling. Jou opstel moet 15–20 reëls wees.

VRAAG 5

Lees die paragraaf hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Deur die jare is jy al blootgestel aan die konsepte van studievaardighede en strategieë. Hierdie vaardighede en strategieë is doeltreffende instrumente wat 'n mens kan help in die ontwikkeling van 'n mens se loopbaan om jou doelwitte te bereik.

Skryf 'n opstel waarin jy krities besin oor hoe studievaardighede en strategieë wat jy op skool geleer het jou vir die wêreld van werk voorberei. Noem VYF vaardighede in jou opstel en wys hoe hierdie vaardighede jou vir die werkplek sal voorberei. (5 x 2)

[10]**VRAAG 6**

Geweld teen vroue en meisies is 'n menseregte-skandaal, van die slaapkamer na die slagveld. Van die skool se erf na die werkplek, loop vroue en meisies die gevaar van verkragting en ander vorme van geweld. Selfs al het Suid-Afrika gepoog om die status van vroue, soos verskans in die Grondwet te verbeter, is daar steeds 'n onrusbarende vlak van geweld en geslagsdiskriminasie teen vroue en meisies in die land.

Skryf 'n opstel waarin jy die misbruik van mag in die familie en in die werkplek beskryf. Noem EEN voorbeeld in jou opstel, hoe mag tussen die geslagte in elk van die volgende kontekste misbruik word:

- Gesinsverband
- Werkverband

Bespreek DRIE maniere waarop vroue van diskriminasie en geweld in elk van die bogenoemde kontekste beskerm kan word.

[10]**VRAAG 7**

Die media het die mag om te beïnvloed en baie mense te bereik. As lede van 'n demokrasie het ons die reg om toegang tot inligting te verkry. As individue moet ons in staat wees om die inligting wat aan ons gegee is krities te ontleed om werklik voordeel uit die media te trek. Ons moet 'n mening oor 'n kwessie vorm, slegs nadat ons dit bevraagteken en ontleed het. Ons moet, en kan nie net alles glo wat ons in die media lees en sien nie.

Dit is belangrik om te weet hoe die media in 'n demokrasie funksioneer en waarom dit saak maak dat alle burgers inligting en blootstelling aan uiteenlopende menings kry. In 'n demokrasie, soos ons in Suid-Afrika, word die rol van die media dikwels vurig gedebatteer.

Skryf 'n opstel en ontleed die rol van die media in 'n demokratiese samelewing. In jou opstel bespreek die begrippe 'vryheid van uitdrukking' en 'sosiale verantwoordelikheid' en evalueer DRIE maniere waarop die Suid-Afrikaanse media probeer om dit te bereik.

[10]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 75